# WEND DIE BLOED AAN

2020-01-05

AGS Rayton

Past Gustav van Aardt

# Skriflesings

- Exodus 12:1-13



# ‘N NUWE BEGIN

- Begin jou dag elke dag, die nuwe jaar en jou lewe met God deur die Bloed van die Lam.
- Verwys na Christus wat gekom het en ook ‘n nuwe begin bewerk het.

# EET VAN HIERDIE OFFER

- **Nie ‘n offer om te verbrand op ‘n altaar nie, maar die Lam moet geëet word.**
- **Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. (1 Kor 11:24)**

# EET HAASTIG VAN DIE LAM

- Kry Jesus Christus vinnig in jou lewe.
- Moet nie uitstel nie



# EET - GEREED OM TE VERTREK

- Wees gereed om van die wêreld en ou dinge te vertrek.
- Breek met jou ou lewe en sondes.
- Kom los van die wêreld.
- Skud af die juk van Egipte (slaaf van die sonde en wêreld).

# EET DIE HELE LAM

- Jy moet Christus ten volle kry.
- Elke woord wat Hy gespreek het. (Onthou die Lam was sonder gebrek en sonde - reinheid)
- Moet niks uitlos nie.
- Volg Christus ten volle.

# WEND DIE BLOED AAN

- Die bloed moes aan hul deurposte gewend word.  (bo en kante).
- Die Bloed van die Lam moet volledig in jou lewe aangewend word.

# KRY DIE BLOED UIT DIE SKOTTEL NA DIE PLEK WAAR JY BLY

- **Die Bloed in die skottel red jou nie.**
- **Dit moet aangewend word aan die huis waar jy bly.**
- **Openb 12:11** En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.
- “Confession”

# KRY DIE BLOED UIT DIE SKOTTEL NA DIE PLEK WAAR JY BLY

- Wandel in die Lig
  - 1 Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
- **Reinig ons aanhoudend as ons in die lig wandel.**

# DIE BLOED ONDERSKEI ON

- Jou huis (geestelike liggaam) lyk anders as die sondige wêreld.
- Dit red ons van die ewige dood wanneer God die wêreld gaan oordeel.

# DIT BESKERM JOU (SEKURITEIT)

- Exo 12:23 Want die HERE sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal die HERE by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie.

- **Dit gee jou ‘n muur van beskerming**
- **Hy steek jou weg**

# AFSLUITING: CHRISTUS ONS LAM

- **1 Kor 5:7** Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.








**1 Kor 11:23 - 34**